‘N PROFETIESE WOORD VIR 2011

Soos in die verlede het ek ook einde 2010 gaan stil word om te hoor wat in ons Vader se hart is vir Sy mense, en spesifiek vir elkeen van ons wat hierdie briefies lees, vir 2011 en hierdie seisoen waarin ons tans is. (Kan ek net so tussen hakies sê dat ek beleef – soos ook in die vorige jare – dat hierdie seisoen reeds van Sep-Okt 2010 af strek).

Onthou God se woord rondom profesie, en spesifiek wat jou verantwoordelikheid in die verband is. In 1 Tess 5:19 tot 23 sê die Here hieroor deur Sy Gees: “Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie. Moenie profesieë geringskat nie, maar toets dit alles, behou wat goed is, en bly weg van alles wat sleg is. Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!”

Hier is dit wat ek gehoor het. Toets dit asseblief self aan die Here se voete.

DEEL 1

2010 was toe ons “beste jaar ooit” in ’n ander sin as wat die meeste van ons verwag het. Die meeste van ons het na die “vrugte” van die jaar gekyk en gewonder of ons nie verkeerd gehoor het nie, want in werklikheid was 2010 vir die meeste van ons – as ons na ons persoonlike en besighede se bankrekening kyk – seker van ons moeilikste en uitdagende jare ooit!

Maar, sê die Here, 2010 se “beste” het nie in die vrugte gelê nie. Dit het eerder in die proses gelê wat in 2010 plaasgevind het. Uiteindelik gaan ons terugkyk na verlede jaar en ontdek dat die jaar toe op ’n Jakobus 1-manier ons beste jaar ooit was.

Jak. 1:2-5 sê mos: “Ag dit louter vreugde as My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming. As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. ....”

Na ’n tyd van toetsing is ek en jy gereed vir die seën wat God belowe het vir 2011. God belowe dat Hy in hierdie seisoen Sy kinders wil seën. In Engels klink hierdie woord van die Here soos volg:

“2011 is the year of uncommon, exceptional, undiluted & unending blessings. Like Joseph, number 11 symbolizes these 5 blessings:

- elevation
- promotion
- revelation
- dreams
- uncommon breakthrough”

Die woord wat ek oor en oor hoor is ... Promosie ... Promosie.

Miga 7:7-9 verwoord wat ek hoor die Here sê soos volg: “Maar ek sal vertrou op die Here, ek sal wag vir die God wat my red. My God sal my gebed verhoor. Moet jou nie oor my verlekker nie, my vyand, al het ek tot ‘n val gekom, ek sal weer opstaan, al sit ek in die donker, die Here is my lig... Wanneer Hy my saak verhoor en oor my uitspraak lewer, sal Hy weer lig bring in my lewe, sal ek ondervind dat Hy die oorwinning gee.”

En dan ook vers 11 (volgens die NIV): “The day for building your walls will come, the day for extending your boundaries.”

Die woord wat ek beleef die Here wil hê ons moet hoor en op ag slaan, is die woord “seën” (“bless” en “blessings” in die Engels).

Dit is insiggewend om te ontdek in die Bybel dat die God wat ons dien ’n God is wat Homself openbaar as ’n liefdevolle, genadige God, wat Sy liefde en genade op alle mense wil uitstort en gee. Maar “Sy seën” is net vir Sy mense.

In Sy seën wil Hy Sy mense in hulle hele menswees en die totaliteit van hulle bestaan dinge laat beleef en gee sodat hulle en die mense om hulle Sy goedheid, maar veral Sy heerlikheid (Sy “glory” in die Engels) sal sien en ervaar. Ons gaan dus nie net die Hand van die Here sien werk nie. Ons gaan God in Sy heerlikheid, as ’n Realiteit in Sy grootheid, goedheid, wysheid, almag, genade en liefde om en in ons lewens sien werk

As jy God se seën Bybels reg wil verstaan, moet jy gedeeltes gaan lees soos Deut. 28:1-14. Daar gaan jy dinge ontdek soos:

- Dat God se seën baie nou gekoppel is aan ons gehoorsaamheid en bereidheid om in geloof te handel en die treë te gee wat God ons vra. Soms moet jy die sluise in geloof ooptrek of begin saai wat en waar God sê jy moet saai ...
- Soms moet ons letterlik op grond van God se profetiese beloftes aan ons begin om sekere dinge profetiese te bely en uit te spreek. Ja, sommige van ons moet bv. begin sê: Die verlies en gebrek van 2010 eindig hier! Hierdie is ’n nuwe jaar, sê die Here. Van hierdie oomblik af begin Sy totale restourasie en Sy oorvloedige seën! En ek gaan dit beleef soos die manna wat God van ouds aan Sy volk in die woestyn gegee het: genade en seën, genoeg vir een dag op ’n keer, of meer wanneer dit ook nodig is, totdat die oorvloed van Kanaan gereed is.

DEEL 2

Onthou, 2010 was deel van die proses waarmee God in die meeste van ons se lewens besig was. Vir die meeste van ons het dit gevoel soos vuur; soos om in ‘n wasmasjien te wees.

Natuurlik is die vyand, en dit wat hy doen, ook altyd deel van hierdie prosesse wat op hierdie stukkende aarde van ons, vol stukkende mense, plaasvind. (Maar daarop wil ek nie vir nou fokus nie.)

Ek voel God wil hê ons moet fokus op dit waarmee Hy besig was ... en waarheen Hy daarmee op pad was ... tot ons bes wil. In die taal van Rom. 8:28:“Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir

dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun ..."

Daarom vra God altyd geduld van ons midde hierdie prosesse ... en geloof ... en vertroue in Hom, in wie Hy is en dit waarmee Hy besig is.

Ons moet leer om in geloof te bly vashou daaraan dat God in die proses besig is om by die tyd en plek uit te kom waarin Hy ons kan seën. Sodat Hy ons kan gebruik om ook weer ander tot seën te wees.

In hierdie proses was en is dit van groot belang om God se stem te hoor en gedurig tyd te maak om Sy hart en bedoeling te soek. En Goddank, almal van ons weet seker teen hierdie tyd: God gaan ons lei deur Sy stem! (Joh. 10:3-5,27).

As ons dan God gehoor praat het, moet ons doen wat Hy sê in gehoorsaamheid. Hy sê ons kan Hom vir strategieë vra. Maar as ons dan gehoor het en gedoen het wat Hy gesê het, moet ons leer om Hom geduldig te vertrou om die oes op daardie dade en treë te gee wat ons in gehoorsaamheid gegee het.

Die Woord wat hier van belang is, is die volgende: " Wat julle doen, doen dit omdat julle oortuig is dit is nou My wil vir julle lewens en soos vir My. Anders is dit net 'n geswoeg en gesweet vir niks nie. (Die boek, Prediker; Kol. 3:23).

Maar ook: Kom leer by My en moet nie vashaak in hoe julle dinge in die verlede gedoen het nie. Ek het nuwe dinge vir julle ingedagte vir nou. (Jes. 43:18; 42:9; 48:6).

Ek hou jou en jou mense heeltyd vas. Ek het julle verlede, hede en toekoms in My hande. Rus in hierdie wete in vrede. (Prediker 9; 10; 11; Gal. 6:9; Jes. 55:11).

Dink aan die tyd wat Josef deurgebring het in die tronk en wat hy alles daar moes leer voordat Ek hom laat aanstel het in sy pos, tweede in bevel van een van die magtigste lande in die wêreld.

Dink aan wat hy alles moes doen in sy nuwe pos.

Daar in die tronk het Ek hom die hart van 'n dienskneg aangeleer en 'n oog vir mense se behoeftes gegee. Daar het Ek hom die hart van 'n vader gewys en aangeleer. Daar het Ek hom geleer wat dit beteken om lief te hê en te vergewe.

Dink aan die karaktervorming wat daar in sy lewe plaasgevind het. Alles om hom gereed te maak vir wat hy agterna moes doen.

God het dit ook in jou lewe gedoen verlede jaar en ook in die jare voor dit. Moenie vergeet wat jy geleer het nie.

Ek hoor ook by God dat Hy Sy mense gaan leer om mekaar lief te hê - 1 Joh. 3 tot 5. Sel- en huisgroepe oor die land hoor dinge soos: Maak klaar met skuld. Maak julle los uit die kloue van allerlei finansiële en ander sisteme wat julle aanhoudend manipuleer en verarm. Word meer en meer selfversorgend. Ja, selfs wat julle water en energieverbruik betref.

Kom sit aan my voete dat Ek julle kan leer om werklik na mekaar as lede van My Liggaam in liefde om te sien. Laat Ek julle leer hoe om mekaar se “lossers” te wees. Wat mekaar help om “verlos te word” van al hierdie finansiële bande wat julle so bind en doodwurg.

Leer en help mekaar om uit slegte skuld te kom en om goeie finansiële rentmeesters te wees, in julle persoonlike finansies, besighede, boerderye en in die ekklesia.

Kom vra My vir strategieë hoe om mekaar en mense in die gemeenskap te “empower” en werklik nood te verlig.

Laat Ek julle leer hoe om om te sien na My span manne en vroue wat Ek gegee het as “gawes” aan My Liggaam om julle toe te rus soos Ek in Ef 4:11 tot 16 dit uitgespel het. Versorg hulle. Sorg selfs vir hulle oudag. Bou vir hulle huise tussen julle. Onthou, ’n arbeider is sy loon werd. Ek gaan rekenskap van julle eis hoe julle hulle versorg het.

Kom laat Ek julle leer.

Soveel van julle is in die jare wat verby is deur die ergste finansiële krisisse nog ooit. As die seën kom, moet nie vergeet wat julle geleer het nie. Onthou hoe het dit gevoel om te min te hê.

Onthou dan My Woord daar in Gal. 6:6 en 2 Kor. 8 en 9.

Ek gaan julle iets leer van dit wat My mense daar in die begin sommer spontaan gedoen het. Omdat hulle verstaan het dat hulle My familie was en van mekaar familie was. Niks was te veel vir hulle om vir mekaar (uit hulle liefde vir My) te doen nie. As een meer as een huis gehad het, of oorvloed op sekere terreine beleef het, was hulle bereid om daarvan te verkoop en te gee sodat ander kan hê. Sodat daar balans en ewewig tussen My familie kan wees (2 Kor. 8:13).

My mense gaan die krag ontdek van saam dinge doen, van hande vat en hoe om met mekaar te deel uit die oorvloed, kennis en ervaring wat jy beleef op sekere terreine. Op ’n wyse soos Ek hulle gaan leer.

Ek gaan My mense weer bewus maak dat My Liggaam werklik een is en watter krag daarin is as hulle kan leer hande vat en in eenheid dinge saam begin doen. Hulle gaan ontdek watter seën daarin is wanneer hulle bereid is om by mekaar te leer wat Ek hulle oor die jare en die eeue geleer het. Ja, wat kan gebeur as My Woord en My Gees vrylik saam mense kan bedien.

DEEL 3

Ek gaan manne en vroue oprig wat weer ouers gaan leer om verantwoordelikheid te neem vir die onderwys van hulle kinders, vir hulle tieners en jongmense van voorskools tot matriek en selfs ook wat naskoolse opleiding en studie betref.

Gedeeltes van My Liggaam wat voorheen leeggeloop het, sal weer nuwe lewe kry as hulle My onverskrokke begin gehoorsaam. Mense wat daar was, sal weer bely: God self is hier!

Ander gedeeltes van My Liggaam wat op loop geraak het met allerlei dwaleringe en menslike openbaringe sal deur suiwer Woordlering weer terugkom na die volle Waarheid.

Luister na die Woord van die Here deur die profeet, Joël, want dit is ook ’n woord vir hierdie tyd:

“Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep.... Wie weet of Hy nie die straf sal herroep nie; of Hy nie weer voorspoed sal gee nie sodat daar weer graan-en drankoffers sal wees vir die Here julle God!

Blaas die ramshoring in Sion, bepaal ‘n dag om te vas, roep die gemeente bymekaar. Roep die volk op, reinig die gemeente, laat die leiers bymekaarkom, bring die kinders bymekaar, selfs dié wat nog drink. Die bruidegom moet uit sy kamer uitkom, die bruid uit haar wittebroodskamer.

Inwoners van Sion, julle moet bly wees en juig tot eer van die Here julle God, want Hy het die reëns betyds laat kom, Hy het die vroeë en die laat reën soos voorheen gegee.

Die dorsvloer lê vol koring, die parskuipe loop oor van wyn en olie. Ek sal julle vergoed vir die tyd van sprinkaanswerm op sprinkaanswerm toe my groot leër wat Ek teen julle gestuur het, julle verteer het. Julle sal oorgenoeg hê om te eet, julle sal die Naam van die Here julle God prys, Hy wat wonders vir julle gedoen het. My volk sal nooit weer in die skande kom nie.

Wanneer dit alles gebeur het, sal Ek my Gees laat kom op al die mense, julle seuns en julle dogters sal as profete optree, julle oumense sal drome droom, julle jong mans sal visioene sien. In daardie tyd sal Ek my Gees laat kom selfs op dié wat nie in aansien is nie. Ek sal tekens gee, in die hemel en op die aarde: bloed, vuur en rookwolke. Die son sal donker word, die maan bloedrooi en dan sal die groot, die vreeslike dag van die Here kom.

Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Op Sionsberg en in Jerusalem sal daar uitkoms wees. So het die Here beloof. Dié wat deur die Here geroep is, is by dié wat gered is.

In daardie tyd sal Ek al die nasies bymekaarmaak; dit is die tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem sal verander. (Joël 2:12-3:1)

Tot sover die woord uit Joël.

Dan hoor ek ook by die Here van baie reën wat kom ... fisiese reën en geestelike reën. Die Here sê die reën wat oral in Suid-Afrika en elders in die wêreld in dele geval het moet ons herinner aan Sy oorvloedige genade en nog reën wat kom. Maar ook aan die geestelike reën wat God vir oor die wëreld in gedagte het.

Bly bid daarvoor.

"There is a rain, there is a rain coming, a rain like you've never seen before. And then you will say, 'This could be the day we've been waiting for.' And then you will say, 'This could be the day we've been waiting for.' I'm going to send the rain, a rain like you've never ever known; and miracles will come, signs and wonders will fill your streets outside the Church.

"Listen to the rain, listen to the rain, listen to the rain. Abundance is coming, if only you can see it. Many of you will say, 'This is the day we've been waiting for.' Then they will see things like they've never seen before."

God says, "This is the day every one of you have been waiting for. This is the day many of you have been praying for – the day of rain, the day of abundance coming your way, coming your way. Lift up your hands for the rain, lift up your voice in the holy place. Lift up your hands in the holy place right now, let it rain. Many of you that have struggled with darkness, many of you that have cried in despair, you'll say, 'This is the day that I've been praying for. Hallelujah.'"

Hierdie reën gaan lewe vir gedeeltes van die land bring soos nou nooit te vore nie, maar ook ’n varsheid en vitaliteit bring in die Kerk/ekklesia onder God se mense.

Ek hoor hoe die Here sê: Jy het aan My bly vashou midde die tye van beproewing wat jy die afgelope tyd beleef het. Daarvoor wil Ek jou seën. Ekonomieë is besig om om te draai en Ek is besig om vir My mense plekke en posisies oop te maak waarmee Ek julle kan seën. Vertrou My om jou hele situasie te verander. Maak jouself gereed vir My seën. Dubbele porsies daarvan.

Maar bly heeltyd sensitief vir My stem. Laat My toe om vir jou die wanneer, waar en hoe te wys. As Ek sê: Praat met die rots, moenie hom slaan nie. En as Ek sê: Slaan, moenie dan met hom probeer praat nie! Vertrou My vir die detail-strategie. Vertrou My in geloof vir totale voorsiening.

Vertrou My vir geestelike deurbrake en die bekering van mense wat julle nooit voorheen kon dink kan verander nie. Maak gereed vir ’n groep gesiene en belangrike mense in die gemeenskap in wie My Gees tans besig is om hulle hele lewe om te draai na My toe. Julle gaan hulle herken aan ’n nuwe integriteit wat hulle lewens gaan kenmerk, en aan ’n geestelike honger en dors om meer van My en My Woord vir hulle lewens te weet.

Moenie aan hulle vasklou nie, maar gee hulle ruimte om vrylik binne My Liggaam rond te beweeg, sodat Ek hulle kan bedien met alles wat hulle nodig het om My te dien waar Ek hulle outoriteit gegee het.

Moenie verras wees as Ek skielik in My krag baie sisteme begin skud wat totdusver My wil en weë teengestaan het nie. Word wakker en staan gereed vir wanneer Ek jou dalk wil gebruik! (Jes. 52:1)

Besef dat dit kritiese tye dié is. Hoor die woorde van My Gees deur Paulus daar in Rom. 13:11-14:

“En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het. Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem.

Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie.

Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.” Maak dit jou doelwit van ook hierdie jaar om ’n rein lewe te lewe volgens God se Bybelse bloudruk (2 Kor. 7:1). En onthou: Dit is die mense met ’n rein hart wat God sal sien en ervaar rondom hulle (Mat. 5:8).